



DIE MUSEUM REKENAARISEER



INDUSTRIELE REVOLUSIE !!!

Meeste wetenskaplikes en historici beskou die laat 1940's as die begin van 'n sosiologiese en kulturele revolusie wat net so beduidend soos die industriële revolusie en die ontdekking van elektrisiteit is. Hierdie nuwe revolusie se oorsaak lê by elektroniese apparatuur, beter bekend as **REKENAARS**. Vandag kan ons byna nie dink aan 'n daaglikse aktiwiteit wat nie deur rekenaars of rekenartegnologie beïnvloed word nie.

Die Museum het pas verder gerekenariseer deur mikro-rekenaars aan te koop. Hierdie rekenaars sal onder andere vir die **ADMINISTRASIE VAN MUSEUMVERSAMELINGS, NAVORSING EN MUSEUMADMINISTRASIE** aangewend word.

